CHURCH YOUTH AND RELIGION IN SOUTHERN AFRICA
KERKLIKE JEUG EN GELOOF IN SUIDER-AFRIKA
A MULTI-CHURCH RESEARCH PROJECT | 'N MULTI-KERKLIKE NAVORSINGSPROJEK

P.O Box 13528
Hatfield
0028
www.youthresearch.co.za

**Navorsingsprojek: kerklike jongmense en geloof in Suid-Afrika**

Die Algemene Sinode van die NG Kerk het tydens sy sitting in 2011 opdrag gegee dat navorsing gedoen word om aktuele jeugkwessies en relevante tendense in jeugbediening te identifiseer om die kerk sodoende te adviseer en te verseker dat effektiewe jeugbediening plaasvind. 'n Projekspan is goedgekeur deur die Algemene Sinode met die opdrag om ander kerkgenootskappe te nader om aan hierdie navorsingsprojek deel te neem.

**Wat is die doel van hierdie navorsingsprojek?**

Die doel van hierdie navorsing is om 'n deeglike beskrywing van jongmense (16-35 jaar) te bekom. Hierdie profiel het ten doel om die kerk te help in die effektiewe bediening aan jongmense. Jongmense sal gevra word om hulself te beskryf en opinies oor die volgende temas te gee:

- Basiese demografiese inligting
- Verhoudings en die huwelik
- Gesin
- Jeugkultuur
- Kerkdeelname en ervaring
- Geloof en God
- Moraliteit
- Risikogedrag
- Suid-Afrika
- Seks
- Vriendskap
- Subjektiewe welsyn

**Watter vennote is behulpsaam met die navorsingsprojek?**

Die Departement Praktiese Teologie van die Universiteit van Pretoria is die vennoot waar die projek akademies geregistreer is. Die dienste van Business Enterprises at University of Pretoria (BE@UP) is bekom. Op die wyse verseker ons dat die navorsing bruikbaar en betroubaar is.

**Watter kerke neem almal deel aan die projek?**

Die volgende denominasies neem deel aan die projek: Nederduitse Gereformeerde Kerk, Nederduitsch Hervormde Kerk, Gereformeerde Kerke in Suid Afrika, Verenigende Gereformeerde Kerk in Suidelike Afrika en die Reformed Church in Africa.

**Watter gemeentes van die NG Kerk neem almal deel aan die projek?**

Vanuit elke denominasie is op ewekansige wyse 'n seleksie van gemeentes gemaak. In elke gemeente word respondente verder ewekansig geselekteer, met die anonieme inligting wat direk aan BE@UP gestuur word. Vandaar kommunikeer BE@UP direk met alle respondente om anonimiteit te verseker. Respondente sal dan per e-pos (en in sommige gevalle per hardekopie) 'n vraelys voltooi wat elektronies verwerk word.

Jongmense wat jonger as 18 jaar is, se ouers/voogde se toestemming moet verkry word voordat hulle aan die navorsing sal kan deelneem.

**Hoe is die vraelys ontwikkel?**

Die vraelys is ontwikkel deur ‘n span akademici en jeugkundiges oor ‘n tydperk van meer as ‘n jaar. Die span het verskeie prosesse gevolg om seker te maak dat ons ‘n kontekstuele vraelys gebruik wat eie is aan ons kerklike konteks in Suid Afrika. Dit is die produk van gesprekke met fokusgroepe, deeglike wetenskaplike beginsels en die behoeftes van die verskillende kerke.

**Sal die vraelyste anoniem hanteer word?**

Sodra die respondente se inligting BE@UP bereik het, word direk met alle respondente gekommunikeer om anonimiteit te verseker. Respondente sal dan per e-pos (en in sommige gevalle per hardekopie) ’n vraelys voltooi wat elektronies verwerk word. Jongmense wat jonger as 18 jaar is, se ouers/voogde se toestemming moet verkry word voordat hulle aan die navorsing sal kan deelneem.

**Wanneer word die navorsing gedoen?**

Die invul van die vraelyste sal gedurende September en Oktober 2014 geskied. Daarna sal die inligting verwerk en geanaliseer word.

**Wanneer en waar kan die bevindings bekom word?**

Die bevindings sal gepubliseer word in verskeie akademiese en populêre publikasies van die begin van 2015 af. Vir verdere inligting kan die webwerf www.youthresearch.co.za besoek word.

**Wie is die projekspan?**

Dr Zander van der Westhuizen (Projekleier/NGK)

Prof Malan Nel (UP)

Prof Chris Smit (BEatUP)

Dr Mike van der Linde (BEatUP)

Dr Elnerine Greeff (Unisa)

Dr Thinus van Staden (NHK)

Ds Charl van Rooy (GKSA)

Dr Reggie Nel (VGKSA)

Ds Victor Pillay (RCA)